**PASIËNTINLIGTINGSPAMFLET**

**SKEDULERINGSTATUS** **S0**

**EIENDOMSNAAM EN DOSEERVORM**
**CAMED Immune Defense** kapsules.

Lees hierdie pamflet sorgvuldig deur aangesien dit belangrike inligting bevat. **CAMED Immune Defense** is sonder 'n doktersvoorskrif beskikbaar. Nogtans moet jy dit versigtig gebruik om die beste resultate te verkry.

- Hou hierdie pamflet. Dit mag nodig wees om dit weer te lees.
- Vra jou apteker indien jy meer inligting of advies benodig.

**WAT CAMED IMMUNE DEFENSE BEVAT**
Die aktiewe bestanddele is:

| **Aktiewe Bestanddele** | **Per kapsule:** |
|---|---|
| Askorbiensuur (Vitamien C) | 100 mg |
| Beta-1,3/1,6 glucan | 24 mg |
| Nikotienamied (Vitamien B3) | 16 mg |
| d-Alfa Tokoferiel Asetaat (Vitamien E) | 15 mg α-TE (22,35 IU) |
| Sink Asetaat<br>Verskaf Sink | 35,08 mg<br>12,5 mg |
| Kalsium d-Pantotenaat<br>Verskaf Vitamien B5 | 5,45 mg<br>5 mg |
| Piridoksienhidrochloried<br>Verskaf Vitamien B6 | 2,07 mg<br>1,7 mg |
| Riboflavien (Vitamin B2) | 1,3 mg |
| Tiamienhidrochloried<br>Verskaf Vitamien B1 | 1,52 mg<br>1,2 mg |
| Retinol Asetaat<br>Verskaf Vitamien A | 0,86 mg<br>750 µg RE (2500 IU) |
| Foliensuur | 250 µg |
| Seleen Glisinaat<br>Verskaf Seleen | 287,59 µg<br>100 µg |
| Biotien | 30 µg |
| Cholekalsiferol (Vitamien D3) | 12,5 µg (500 IU) |
| Sianokobalamien (Vitamien B12) | 2,4 µg |

Die ander bestanddele is die kapsuulwand (bees gelatien), magnesiumstearaat, mikrokristallyne sellulose en talk.

**CAMED Immune Defense** is suikervry.

**WAARVOOR CAMED IMMUNE DEFENSE GEBRUIK WORD**
**CAMED Immune Defense** bestaan uit 'n kombinasie vitamiene, minerale en Beta-1,3/1,6 glucan wat gesonde immuunfunksie bevorder en die handhawing van goeie gesondheid ondersteun.

**VOORDAT JY CAMED IMMUNE DEFENSE GEBRUIK**
Moenie **CAMED Immune Defense** gebruik nie:
Indien jy allergies is vir enige van die bestanddele (sien "**WAT CAMED IMMUNE DEFENSE BEVAT**").

**Neem spesiale voorsorg met CAMED Immune Defense:**
Indien jy 'n geskiedenis van nierstene het.
Indien jy 'n sensitiewe maag het (sien "**MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE**").

Die neem van **CAMED Immune Defense** met voedsel of drinkgoed:
**CAMED Immune Defense** behoort na 'n maaltyd geneem te word.

**Swangerskap en borsvoeding:**
Die veiligheid en effektiwiteit van **CAMED Immune Defense** gedurende swangerskap en borsvoeding is nie vasgestel nie.
Indien jy swanger is of jou baba borsvoed, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgwerker vir advies voordat jy **CAMED Immune Defense** gebruik.

**Bestuur en gebruik van masjinerie:**
Die uitwerking van **CAMED Immune Defense** op die vermoë om te bestuur en masjinerie te gebruik is nie bestudeer nie. Dit is onwaarskynlik dat dit jou vermoë om te bestuur of masjiene te gebruik sal belemmer. Wees egter versigtig wanneer jy bestuur of masjinerie hanteer totdat jy weet hoe dit jou affekteer.

Die neem van ander medisyne saam met **CAMED Immune Defense**:
Stel altyd jou professionele gesondheidsorgwerker in kennis indien jy enige ander medisyne neem (Dit sluit komplementêre en tradisionele medisyne in).

Bespreek die gebruik van die volgende medisyne in kombinasie met **CAMED Immune Defense** met jou dokter of apteker:
Retinoïede (vitamien A-verwante medisyne wat gebruik word vir die behandeling van aknee), soos isotretinoïen en tretinoïen.
Antibiotika, soos fluoorkinolone (bv. siprofloksasien) en tetrasikliene (bv. doksisiklien). Hierdie antibiotika moet ten minste 3 uur voor, of na **CAMED Immune Defense** geneem word.
Fenitoïen, primadoon en fenobarbitaal (medisyne gebruik vir vir die behandeling van epilepsie / stuipe).
Levodopa, gebruik vir die behandeling van Parkinson se siekte.

**HOE OM CAMED IMMUNE DEFENSE TE GEBRUIK**
**Neem CAMED Immune Defense altyd presies soos aangedui, of soos jou dokter of apteker dit aanbeveel het. Bevestig met jou dokter of apteker indien jy onseker is.**
Die dosis vir volwassenes is 2 kapsules eenmaal daagliks met, of net na 'n ete.

**Indien jy meer CAMED Immune Defense neem as wat jy behoort:**
**In die geval van oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.**
Indien jy meer **CAMED Immune Defense** neem as wat aangedui word, kan dit jou risiko om newe-effekte te ervaar verhoog (sien "**MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE**").

**Indien jy vergeet om 'n dosis CAMED Immune Defense te neem:**
Indien jy vergeet om 'n dosis te neem, neem dit sodra jy onthou. Indien jy nie van die vergete dosis onthou voordat jy die volgende dosis moet neem nie, slaan die vergete dosis oor en gaan voort met jou gewone doseringskedule van 2 kapsules per dag (elke 24 uur). Moenie 'n dubbele dosis neem om vir die oorgeslane dosis op te maak nie.

**MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE**
**CAMED Immune Defense kan newe-effekte hê.**
**Nie alle newe-effekte wat vir CAMED Immune Defense aangemeld is, is in hierdie pamflet ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid agteruitgaan of indien jy enige ongewenste effekte met die gebruik van hierdie medisyne ervaar, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgwerker vir advies.**

Indien enige van die volgende gebeur, hou op om **CAMED Immune Defense** te neem en sê onmiddellik vir jou dokter, of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:
- Swelling of vernouing van jou lugweë, of moeilike asemhaling.

Hierdie is ernstige newe-effekte. Indien jy dit ervaar, het jy moontlik 'n allergiese reaksie op **CAMED Immune Defense** gehad. Jy mag dringende mediese bystand nodig hê.

Bring die volgende newe-effekte onder jou dokter se aandag indien dit aanhou of lastig raak:
- Gastroïntestinale irritasie, slegte spysvertering, maagpyn, naarheid of los stoelgange.
- Velreaksies / uitslag.

Indien jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie pamflet ingesluit is nie, stel asb jou dokter of apteker in kennis.

**BERGING EN WEGDOENING VAN CAMED IMMUNE DEFENSE**
**Berg teen of benede 25 °C op 'n droë plek. Beskerm teen lig.**
**Berg in die oorpsronklike verpakking totdat jy dit benodig vir gebruik.**
**Moenie na die vervaldatum wat op die etiket aangedui word, gebruik nie.**
**Neem alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker. Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.**
**BERG ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.**

**AANBIEDING VAN CAMED IMMUNE DEFENSE**
'n Kartonhouer met 60 stulpverpakte **CAMED Immune Defense** kapsules.

**IDENTIFIKASIE VAN CAMED IMMUNE DEFENSE**
'n Pers en pink gekleurde, harde gelatien, tweedeel kapsule.

**AANSOEKNOMMER**
NAPPI Kode Nr: 3002756001

**NAAM EN ADRES VAN DIE APPLIKANT**
CAMED Pharmaceuticals (Edms.) Bpk
Posbus 784
Lephalale
Limpopo
0555

**DATUM VAN PUBLIKASIE**
September 2020.

**KOMPLEMENTÊRE MEDISYNE**
Gesondheidsaanvulling
Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur SAHPRA vir kwaliteit, veiligheid of beoogde gebruik geëvalueer nie.

Professionele inligting is elektronies beskikbaar by
www.camed-pharma.com

© CAMED Pharmaceuticals (Edms.) Bpk, 2021